

**Saterdag 23 November**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 10:19-25  
(1933/53-vertaling)**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 10:19-22**

**Tree toe tot God met die vrymoedigheid wat Christus gee**

In die Ou Testament was daar slegs een heilige plek van aanbidding vir die volk van God, en dit was die tabernakel wat later die tempel in Jerusalem geword het. Hierdie tempel het 'n gedeelte gehad wat die Allerheiligste genoem is. Dit was die plek waar die verbondsark gestoor is en dit was die simbool van die troonkamer van God. Die plek is deur 'n gordyn of 'n voorhangsel geskei van die tempel se binnehof. Die voorhangsel was simbolies van die skeiding tussen God en die mens weens die sonde. In die Allerheiligste mag slegs die hoëpriester eenmaal 'n jaar ingegaan het om versoening te doen vir die volk se sondes deur bloed op die versoendeksel van die ark te sprinkel. Die bloed was om te wys wat God se eis vir die versoening van sy volk se sondes is (Lev. 16).

Wanneer Christus aan die kruis sterf en die volmaakte offer word, versoen Hy die volk van God volkome met Hom. Sy onskuldige bloedstorting voldoen aan die eis van God, wat beteken dat die sondes van God se kinders vergewe is. Omdat die oorsaak vir die skeiding tussen God en die mens uitgewis is, word die troonkamer van God oopgesluit vir sy kinders om Hom te nader. Christus heilig ook so die kinders van God sodat hulle dit mag doen sonder om deur die kettings van die sondeskuld verhoed te word. Hy skep vir ons 'n oop weg na ons Vader.

Ons behoort daarom die vrymoedigheid te hê om gemeenskap met God te hê. Vrymoedigheid om daagliks tot Hom te nader sonder voorbehoud. Dié vrymoedigheid moet ons gebruik. Ons moet toetree tot God in ware geloof en sonder om te twyfel dat ons in Christus deur God nou as kinders geag word wat voor hulle Vader staan. Ons daaglikse las en vreugde is nou 'n saak vir die troonkamer van die Here. Terwyl ons toetrede nou nog slegs in die geloof is, waarborg dieselfde gedagte ons dat ons by die einde van die teenswoordige lewe ewig God in volle aanskouing sal sien, alles deur dieselfde versoening van dieselfde Christus.

Tree daarom toe tot God met vrymoedigheid en ware geloof.

*Sing: Psalm 33-1:11*

*Ds. HFR Pelser (Riekert) (Vaalharts)*